

KREATIEWE SKRYF: LITERÊRE PROJEK

HIPOTESE: (*'n Stelling wat bewys moet word*)

Platsak maak 'n plan is 'n eietydse jeugverhaal. Een van die temas in die verhaal is verlies en die vyf fases van rou; tieners ervaar ook verlies en sal daarom met die verhaal kan vereenselwig.

NAVORSINGSVRAAG: (*Jou kreatiewe opstel moet hierdie vraag interpreteer en beantwoord*)

Is die skrywer suksesvol in haar poging om 'n relevante jeugverhaal met verlies as tema waarmee tieners kan vereenselwig te skryf?

1. Fase 1: Doen navorsing en skryf 'n vorderingsverslag van 120 – 140 woorde (20)

- Lees die jeugverhaal *Platsak maak 'n plan*.
- Skryf bladsynommers neer en maak aantekeninge van inligting oor die vyf fases van rou wat in die verhaal voorkom en hoe dit op mekaar volg.
- Doen navorsing oor die vyf fases van rou en wat dit behels.
- Doen navorsing oor die impak wat verlies op tieners het en hou rekord van jou bronne.
- **Skryf nou 'n verslag van 120 – 140 woorde wat bewys van die volgende lewer:**
- **Prosesseer** die inligting en verander die data sodat dit bruikbare inligting word.
- **Evalueer** die navorsing deur na die proses te kyk en te besluit waar jy sukses ervaar en waar jy misluk het.
- **Reageer** op die navorsingsvraag. (Ek stem saam met.... / Ek verskil van... en verskaf jou eie motivering.)
- Heg die ingevulde **Kontrolelys** hieronder by jou navorsing aan.
- Dien Taak 6, Fase 1 in. Navorsing moet die formaat van 'n portefeulje aanneem wat jou notas, navorsing en bibliografie bevat.

Kontrolelyns

Jou navorsing moet aan die volgende vereistes voldoen.

KONTROLELYS VIR NAVORSING		
No.	SENIOR FASE NAVORSINGSKONTROLELYS	✓
NAAM: GRAAD:		
1	Ek het bewyse verskaf van beplanning vir navorsing	
2	My hipotese word duidelik gestel	
3	Ek het voldoen aan die tydlyn wat gegee is om my navorsing te doen	
4	Ek het onafhanklik gewerk	
5	Ek het my navorsing in die klas voltooi	
6	Ek het 'n verskeidenheid navorsingsbronne gebruik en dit so aangedui	
7	Ek het van verskillende navorsingstegnieke gebruik gemaak en my werk toon bewyse van 'n bibliografie	
8	My data is stelselmatig neergeskryf	
9	My inhoud hou verband met die hipotese	
10	Ek het 'n duidelike gevolgtrekking gemaak	
TOTAAL (20)		
KOMMENTAAR:		HANDTEKENI NG:
		DATUM:

Rubriek vir Taak 6: Fase 1

Navorsing (20)

KRITERIA	NAVORSING (SENIOR FASE)			
	BESKRYWERS			
TOTALE PUNT: 20	4	3	2	1
TAALGEBRUIK	<p>Leerder toon uitstekende gebruik van woordeskat, korrekte sinstruktuur; taalgebruik hoofsaaklik korrek. Korrekte spelling en leestekens.</p>	<p>Leerder toon 'n wye verskeidenheid woordeskat, meestal korrekte sin- en taalstruktuur, spelling en leestekens.</p>	<p>Leerder toon beperkte gebruik van woordeskat, oor die algemeen korrekte sin- en taalstruktuur, spelling en leestekens</p>	<p>Leerder toon swak gebruik van woordeskat, verkeerde sin- en taalstruktuur, spelling en leestekens.</p>
	4	3	2	1
<p>OPSPoor, TOEGANG tot INLIGTING, bewys van 'n BIBLIOGRAFIE</p>	<p>Leerder kan 'n aantal verskillende soorte media opspoor en toegang verkry. Bewyse van 'n bibliografie word verskaf.</p>	<p>Leerder is in staat om inligting onafhanklik op te stel en toegang tot inligting te verkry. Bewyse van 'n bibliografie word verskaf.</p>	<p>Leerder kan 'n beperkte hoeveelheid inligting opspoor. Bewyse van 'n bibliografie word verskaf.</p>	<p>Leerder kan nie inligting onafhanklik opspoor en toegang verkry nie. Bewyse van 'n bibliografie word nie verskaf nie.</p>

	4	3	2	1
AKKURAATHEID en RELEVANSIE van geselekteerde INLIGTING	Leerder kan inligting kies wat 'n hoë mate van akkuraatheid en relevansie vertoon.	Leerder kan inligting kies wat akkuraatheid en relevansie vertoon.	Leerder kan inligting kies wat beperkte akkuraatheid en relevansie vertoon.	Inligting is onakkuraat en irrelevant.
	4	3	2	1
ORGANISERING van INLIGTING en ONTWIKKELING van ARGUMENT	Leerder is in staat om inligting te sintetiseer/integreer wat 'n hoë mate van samehang en logiese ontwikkeling van 'n beredeneerde argument toon.	Leerder is in staat om inligting te sintetiseer/integreer wat samehang en logiese ontwikkeling van 'n beredeneerde argument toon.	Leerder is in staat om 'n produk te produseer wat sintese van inligting toon, maar is nie altyd samehangend en logies nie. Die argument word nie altyd beredeneer nie.	Leerder kan nie enige inligting verskaf nie. Die produk is onsamehangend en onlogies, Dit ontbreek 'n beredeneerde argument.
	4	3	2	1
AANBIEDING van RESULTATE / BEVINDINGS	Leerder kan resultate op 'n baie duidelike, gestruktureerde en bondige wyse aanbied deur 'n verskeidenheid toepaslike	Leerder kan resultate op 'n duidelike, redelik gestruktureerde en bondige wyse aanbied deur verskillende	Leerder is in staat om die resultate in 'n beperkte aantal formate aan te bied, maar duidelikheid en struktuur is swak.	Leerder kan nie die resultate op 'n gestruktureerde of logiese wyse aanbied nie.

	formate te gebruik.	formate te gebruik.		
KOMMEN TAAR:		PUNT:	HANDTEKENI NG:	DATUM:

2. Fase 2: Skryf Literêre skryfstuk (30)

- Gebruik jou navorsing in Fase 1 en skryf 'n boekresensie van 150 - 200 woorde.
- Volg die skryfproses volledig (kopkaart, eerste poging, beplanning).
- Gee aan jou kreatiewe teks 'n gepaste titel.
- Inleidingsin/paragraaf (sê waaroor jy skryf – kyk na opdrag).
- Inligting oor die fases van rou wat skakel met die hipotese.
- Bespreek kortliks die boek *Platsak maak 'n plan* (baie kort opsomming).
- Watter elemente in die verhaal dui daarop dat die hoofkarakter die fases van rou beleef?
- Kan tieners met hierdie tema vereenselwig; was die skrywer suksesvol in haar poging om 'n relevante jeugverhaal te skryf?
- Slotparagraaf met van jou eie idees en aanbevelings oor die skrywer se werk.

3. Fase 3: Mondelinge aanbieding (20)

- Gebruik jou navorsing in Fase 1 en Fase 2 berei 'n mondelinge aanbieding voor.
- Verskaf inligting oor die navorsing oor die fases van rou en die invloed wat dit op tieners het.
- Bespreek kortliks die boek *Platsak maak 'n plan* en hoe die fases van rou daarin uitgebeeld word.
- Watter elemente in die storie wys dat die hoofkarakter die fases van rou beleef?
- Kan tieners met hierdie tema vereenselwig; was die skrywer suksesvol in haar poging om 'n relevante jeugverhaal te skryf?

Rubriek vir Taak 6: Fase 2**Stelwerk (30)**

Kriteria	Uitsonderlik (Baie goed / Skitterend)	Knap (Goed)	Gemiddeld (Bevredigend)	Elementêr (Swak)	Onvol-doende (Baie swak)
INHOUD & BEPLANNING	<p><u>15-18</u></p> <p><u>Inhoud</u> uitsonderlik /treffend / bo verwagting / baie goed. - Idees is intelligent of verbeeldingryk. Dit laat die leser nadink. <u>Beplanning:</u> uitsonderlike / baie goeie organisasie en samehang. - Treffende inleiding, liggaam en samevatting of slot.</p>	<p><u>12-14</u></p> <p><u>Inhoud</u> goed. - Idees is relevant, interessant en oortuigend. <u>Beplanning</u> goed en samehangend. - Goeie inleiding, liggaam en samevatting of slot.</p>	<p><u>9-11</u></p> <p><u>Inhoud</u> bevredigend; soms onduidelik. - Idees redelik same-hangend en oortuigend. <u>Beplanning</u> - Redelike organisasie; inleiding, samevatting of slot.</p>	<p><u>5-8</u></p> <p><u>Inhoud</u> Bly nie altyd by die onderwerp nie. - Idees is losstaande of onduidelik of verwarrend. - Dwaal af en/of is onsamehangend. - Herhalings kom voor. <u>Beplanning</u> is gedoen, maar is onvolledig.</p>	<p><u>0-4</u></p> <p><u>Inhoud</u> grootliks irrelevant; nie van toepassing. - Idees is vaag of deurmekaar - Talle herhalings. - Nie oor die onderwerp nie. <u>Beplanning</u> van geen nut nie. / Geen beplanning nie.</p>
TAAL, STYL &	<p><u>6-7</u></p> <p>- Styl, toon, register en woordeskat pas</p>	<p><u>5</u></p> <p>- Styl, toon, register en woordeskat pas</p>	<p><u>4</u></p> <p>- Styl, toon, register en woordeskat is</p>	<p><u>2-3</u></p> <p>- Styl, toon, register en woordeskat pas</p>	<p><u>0-1</u></p> <p>- Styl, toon, register en woordeskat pas</p>

	<p>uitstekend / baie goed by die onderwerp, doel gehoor en konteks.</p> <p>- Taal en leestekens is effektief benut, byna foutloos.</p> <p>Figuurlike taal, bv. beeldspraak, is treffend en gepas.</p> <p>- Feitlik foutloos na redigering en proeflees.</p>	<p>goed by die onderwerp, doel en konteks.</p> <p>- Taal en leestekens is goed; enkele foute.</p> <p>- Figuurlike taal, bv. beeldspraak, is gepas.</p> <p>- Min foute na redigering en proeflees.</p>	<p>gepas vir die onderwerp, doel en konteks.</p> <p>- Taal en leestekens is gepas; dra betekenis oor.</p> <p>- Figuurlike taal kom hier en daar voor.</p> <p>- Foute nie erg steurend, na proeflees en redigering.</p>	<p>nie by opdrag of onderwerp nie.</p> <p>- Steurende taal- en spelfoute en/of byna geen leestekens nie.</p> <p>- Woordkeuse beperk of pas nie by onderwerp nie.</p> <p>- Baie foute, selfs ná redigering en proeflees.</p>	<p>glad nie by opdrag/onderwerp nie.</p> <p>- Taalfoute veroorsaak dat die teks moeilik lees of byna onverstaanbaar is.</p> <p>- Wemel van foute: Skynbaar glad nie geredigeer of geproeflees nie.</p>
<p>STRUKTUUR</p> <p>FORMAAT</p>	<p><u>5</u></p> <p>- Onderwerp ontwikkel uitstekend / baie goed.</p> <p>- Uitsonderlike / baie goeie, helder besonderhede of detail.</p> <p>- Sinvolle afwisseling van sinne en paragrawe <u>Lengte</u> is korrek. <u>Formaat</u>: Gepas; akkuraat.</p>	<p><u>4</u></p> <p>- Onderwerp ontwikkel logies.</p> <p>- Samehangend.</p> <p>- Goeie / logiese afwisseling van sinne en paragrawe. <u>Lengte</u> is korrek. <u>Formaat</u>: Enkele onbeduidende foute.</p>	<p><u>3</u></p> <p>- Onderwerp ontwikkel bevredigend en maak sin.</p> <p>- Sinne en paragrawe is goed gekonstrueer.</p> <p>- Inhoud maak steeds sin. <u>Lengte</u> is byna korrek. <u>Formaat</u>: Enkele foute.</p>	<p><u>2</u></p> <p>- Dwaal soms af.</p> <p>- Sinne en paragrawe foutief OF Oorloopsinne.</p> <p>- Inhoud maak sin t.s.v. die foute. <u>Lengte</u>: Of te lank óf te kort. <u>Formaat</u>: Redelik ernstige foute.</p>	<p><u>0-1</u></p> <p>- Nie oor die onderwerp.</p> <p>- Sinne en paragrawe foutief. OF Oorloopsinne verwar die leser.</p> <p>- Inhoud maak nie sin nie OF Dit is onverstaanbaar. <u>Lengte</u>: Veels te lank of te kort. <u>Formaat</u>: Onvanpas.</p>

Rubriek vir Taak 6: Fase 3**Mondeling (20)**

RUBRIEK: VOORBEREIDE TOESPRAAK (HT & EAT) vir IF&SF

20 punte

Kriteria	Uitsonderlik (Baie goed / Skitterend)	Knap (Goed)	Gemiddeld (Bevredigend)	Elementêr (Baie swak)	Onvoldoende (Onverstaanbaar)
NAVORSING, en INHOUD 9 punte	8-9 - Baie goeie/ Uitstekende navorsing aangaande die onderwerp. - Inhoud uitstekend.	6-7 - Goeie navorsing aangaande die onderwerp. - Inhoud interessant en leersaam.	4-5 - Voldoende navorsing. - Inhoud voldoende.	2-3 - Onvoldoende navorsing. - Onoortuigend en inhoud onvoldoende.	0-1 - Geen bewyse van navorsing. - Min tot geen inhoud.
TAAI, STEMGEBRUIK en BEWUSTHEID VAN GEHOOR 7 punte	6-7 - Besondere goeie taalgebruik. - Uitstekende register, stemprojeksie, artikulasie, gebruik van gebare, lyftaal en bewustheid van gehoor.	4-5 - Goeie taalgebruik. - Goeie register, stemprojeksie, artikulasie, gebruik van gebare, lyftaal en bewustheid van gehoor.	3 - Aanvaarbare taalgebruik - Aanvaarbare register, stemprojeksie, artikulasie, gebruik van gebare, lyftaal en bewustheid van gehoor.	2 - Taalgebruik nie na wense. - Swak stemprojeksie. - Swak aanbieding. - Slegs enkele gebare ondersteun betekenis. - Onvoldoende bewustheid van gehoor.	0-1 - Swak taalgebruik. - Stemprojeksie uiters swak. Soms onhoorbaar/nie duidelik nie. - Onaanvaarbare aanbieding. - Ongepas/geen gebare, postuur of oogkontak. - Geen bewustheid van die gehoor.
ONDERSTEUNENDE HULPBRONNE (Gidskaarte) 4 punte	4 - Baie goeie/ Uitstekende en effektiewe aanwending van ondersteunende hulpbronne.	3 - Gebruik ondersteunende hulpbronne effektief.	2 - 'n Paar ondersteunende hulpbronne is aangewend.	1 - Ondersteunende hulpbronne is ondoeltreffend aangewend.	0 - Geen ondersteunende hulpbronne.

Kommentaar:

Handtekening:

Datum:

20